Wes-Kaapse Regering
Onderwys

Direktoraat: Finansiële Rekeningkunde

Verwysing: 20190207-1382
Lêernommer: 12/2/8/12
Navrae: LB Shasha

Omsendbrief: 0007/2019
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame van gewone openbare skole en koshuise (onderwyskolleges uitgesluit)

*Kort opsomming: Verhoging van bedrae betaalbaar vir losies-, vervoer- en privaat losiesbeurse en personeelsubsidies by koshuise en skole.*

**Onderwerp: Verhoging van die bedrae betaalbaar vir losies-, vervoer- en privaat losiesbeurse, en personeelsubsidies by koshuise en skole**

1. Goedkeuring is verleen vir 'n verhoging van die volgende beurse met ingang van **01 April 2019**:

1.1 Die maksimum losiesbeurse betaalbaar aan behoeftige leerders in koshuise verbonde aan gewone openbare skole is vanaf R8 974,00 tot R9 460,00 per leerder per jaar verhoog.

1.2 Die maksimum privaat losies- en vervoerbeurse betaalbaar aan behoeftige leerders in die Weskus, Kaapse Wynland, Eden en Sentrale Karoo en Overberg se onderwysdistrikte is vanaf R2 040,00 tot R2 220,00 per leerder per jaar verhoog.

1.3 L.W. – Al die bogenoemde beurse word volgens die goedgekeurde middeletoets bereken (kyk IBBB-minuut 0001/2018, gedateer 09 Maart 2018) en die kriteria wat in Omsendbrief 0143/1998, gedateer 06 November 1998, en Omsendbrief 0029/2001, gedateer 13 Maart 2001, uiteengesit is.

2. Goedkeuring is ook verleen vir verhogings van die volgende personeelsubsidies met ingang van **01 April 2019**:

2.1 Die personeelsubsidie betaalbaar aan gewone openbare skole met 'n inskrywing van minder as 201 leerders, vir die indiensneming van administratiewe en algemene dienspersoneel is vanaf R586,00 tot R620,00 per leerder per jaar verhoog. 'n Minimum van R22 150,00 sal aan 'n skool betaal word.

Laer Parlementstraat, Kaapstad, 8001
Tel: +27 21 467 2770 Faks: 086 623 37 44
Veilige Skole: 0800 45 46 47
Privaatsak X9114, Kaapstad, 8000
Indiensneming- en salarisnavrae: 0861 92 33 22
www.westerncape.gov.za

2.2 Die personeelsubsidie betaalbaar aan gewone openbare skoolkoshuise met 'n inskrywing van minder as 50 loseerders, vir die indiensneming van administratiewe personeel is vanaf R8 974,00 tot R9 460,00 per leerder per jaar verhoog.

2.3 Die personeelsubsidie betaalbaar aan kerk- of privaat koshuise, vir die indiensneming van administratiewe en skoonmaakdienste personeel is vanaf R2 045,00 tot R2 160,00 per leerder per jaar verhoog.

3. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle lede van die beheerliggaam en alle betrokke persone.

**GETEKEN:** BK SCHREUDER
**HOOF: ONDERWYS**
**DATUM:** 2019-02-12